



WBS Pinkster Reeks 2020 Mei 25

Dag 5 van 10:

Skakel na video: <https://youtu.be/eA5lf6JNGJ4>

1. Tema vir Dag 5:
 - 1.1. Hulle sê: Elke ou vir homself en die duiwel vir die res...
2. Kuier om die tafel:
 - 2.1. **Volg** die instruksies van elke Pinkster-dag so goed moontlik;
 - 2.2. **Nooi** jou gesin uit om saam met jou om die tafel te sit;
(dalk kan jy met iemand ander 'n "video call" gesprek voer as jy alleen is...)
 - 2.3. **Bely** die volgende verklaring:
Omdat ons in Jesus glo ...
...**IS** ons anders,

...**Kyk** ons anders
...**Lééf** ons anders,

2.4. Gebeds-tyd:

2.4.1. Maak tyd vir Gebed en vra die Here om Self met jou / julle te praat;

2.4.2. Bid vir die familie, die gemeente, die land, die effek van die covid-19 pandemie.

2.5. Fokus op mekaar – ons praat oor mense:

2.5.1. Wat dink jy van die stelling: “Hulle sê: Elke ou vir homself en die duiwel vir die res!”?

2.5.2. Hoe dink jy moet dit wees as jy nie ‘n ondersteunings netwerk het nie?

2.6. Fokus op God - Gesels met mekaar oor God:

2.6.1. Watter eienskap van God is vir jou die heel mooiste?

2.7. Skrif oordenking: Kolossense 3:12-17

2.7.1. Lees die aangeduide Skrifgedeelte in meer as een vertaling;

2.7.2. Lees die betrokke Skrifgedeelte ‘n paar keer deur (3-4 keer);

2.7.3. Lees die Skrif die laaste keer stadig, rustig, mymerend.

2.7.4. Wat staan vir jou uit? Skryf dit iewers neer om nou-nou te deel.

2.8. Video inleiding:

2.8.1. Luister na die inleidende video by

2.9. Kuier saam rondom die Tema:

2.9.1. Gesels nou met mekaar oor die tema, die video en die Bybelteks

2.9.2. Skryf neer hoeveel “MEKAAR” oproepe in die Skrifgedeelte gesien word.
Gesels daarna met oor wat elke “MEKAAR” prakties beteken.

2.9.3. Watter een van die “MEKAAR” stellings is nog vir jou ‘n uitdaging waaraan jy in jou eie lewe kan werk om dit beter te kan uitvoer?

2.9.4. HOE sal dit in jou lewe lyk as jy die “MEKAAR” stellings self toepas?

2.9.5. Fokus na buite – Gesels oor ons medemens:

2.9.5.1. Wat dink jy, na aanleiding van die voorafgaande gesprek, behoort ons as gemeente te doen, wat ‘n verskil in mense rondom die gemeente se lewens sal maak?

2.9.5.2. Wat kan ons as individu en as gesin doen of saam aanpak?

2.10. **Agtergrond Gedagte:** Lees gerus die agtergrond gedagte vir meer inligting en kyk of dit help met die gesprek.

2.11. **Gebeds-Aksie:**

2.11.1. Sluit af deur deur te bid vir hulp vanaf die Heilige Gees om te leef soos die Bybel vra.

2.11.2. Bid vir ons familie en vriende om deur die Woord van God aangeraak te word.

2.11.3. Bid om bewaring van Individualisme, sodat ons die Bybelse "MEKAAR" kan uitleef.

2.12. **Afsluiting** tot môre:

2.12.1. Herinner mekaar daaraan om môre weer saam te kom vir die opvolg-dag.

3. Agtergrond gedagte:

Elke ou vir homself en die duiwel vir die res, is 'n stelling wat jy baie maklik in die Westerse wêreld van individualisme hoor. Dit is totaal vreemd aan die Bybel, waar mense baie sterk op mekaar aangewese was. Hoe verder ons modern samelewing van die Bybelse lewenswyse af leef en optree, veral deur ons eie belange en gerief belangriker te ag as die van die samelewing, hoe minder verstaan ons die Bybel.

Sekularisme = om 'n gees van individualisme na te jaag, ten koste van die "ander".

Sekularisme in die Kerk kan gesien word waar gelowiges 'n kompromie aangaan tussen die manier waarop gelowiges binne die kerk behoort te leef en die manier waarop die mense van die wêreld leef. Sekularisme binne die kerk kan gesien word wanneer kerkmense nog die masker dra dat hul deel is van Jesus se Kerk, maar in die praktyk het hul geleidelik al meer begin om te lewe soos hulle wat buite die kerk is. Jy kan naderhand nie meer sien aan die manier waarop hulle lewe, of iemand 'n Christen is, of nie.

Voorbeeld: Iemand kan byvoorbeeld gereeld kerk toe gaan, betrokke wees in 'n bediening en gereeld bydraes vir die kerk maak en daardeur lyk of hulle voorbeeldige gelowiges is wat die Here dien met oorgawe. Dieselfde persoon kan egter 'n besigheid bedryf waar ander mense uitgebuit, verneuk, gekul, onmenslik behandel word, aan die ander kant. Die twee maniere van leef staan direk teenoor mekaar.

Lees gerus ook **die voorbeeld wat die Bybel hieroor aangee**, waar gelowiges aangespreek moes word, omdat hul lewens hulle geloosbelydenis weerspreek het:

Galasiërs 5:14-23 Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (15) Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. (16) Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. (17) Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. (18) Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. (19) Die praktyke van die sondige natuur is

algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, (20) afgodsdienst, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, (21) afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. (22) Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, (23) nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

TEKS van Dag 5:

Kol 3:12-17 Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. (13) Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. (14) Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. (15) En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. (16) Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liederes tot eer van God sing. (17) En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.